# VOORLOPIGE BELASTING

## Wat is dit?

Voorlopige belasting is nie 'n afsonderlike belasting nie. Dit is 'n metode om verskuldigde belasting te betaal wat verseker dat die belastingpligtige nie groot bedrae met aanslag betaal nie, omdat die belastingaanspreeklikheid oor die toepaslike jaar van aanslag versprei is. Dit vereis die belastingpligtiges om minstens twee bedrae gedurende die jaar van aanslag vooruit te betaal wat op geskatte belasbare inkomste gebaseer is. 'n Derde betaling is opsioneel na die einde van die belastingjaar, maar voor die uitreik van die aanslag. Finale aanspreeklikheid word egter met aanslag bereken en die betalings sal teen die aanspreeklikheid vir normale belasting, vir die toepaslike jaar van aanslag, verreken word.

## Vir wie is dit?

Enige persoon wat inkomste verdien (of aan wie inkomste toeval), behalwe 'n salaris, is 'n voorlopige belastingpligtige. 'n Voorlopige belastingpligtige word in paragraaf 1 van die Vierde Bylaag van die Wet op Inkomstebelasting, nr 58 van 1962 omskryf as -

- 'n natuurlike persoon wat inkomste genereer, behalwe besoldiging of 'n toelaag of voorskot soos genoem in artikel 8(1);
- maatskappy; of
- persoon wat deur die Kommissaris ingelig word dat hy/sy 'n voorlopige belastingpligtige is.

Uitgesluit van voorlopige belastingpligtiges, soos omskryf, is enige -

- goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie of rekreasie klub;
- beheerliggame, aandeleblokmaatskappye of bepaalde verenigings van persone; en
- persone wat vrygestel is van die betaal van voorlopige belasting, genaamd:
    - Nie-inwonende eienaars of huurders van skepe of vliegtuie;
    - Enige natuurlike persoon wat geen inkomste genereer uit die bedryf van enige besigheid nie - solank daardie persoon se belasbare inkomste nie hoër as die belastingdrumpel is nie (vir 2017 belastingjaar: vir belastingpligtiges onder die ouderdom van 65 - R75 000; ouderdom 65 tot 74 - R116 150 en ouderdom 75 en ouer - R129 850); of die belasbare inkomste van daardie persoon (verdien uit rente, buitelandse dividende en huurinkomste deur die verhuring van vaste eiendom) sal nie meer as R30 000 wees nie;

Let wel: Maatskappye val outomaties in die voorlopige belastingstelsel. Daar is geen formele registrasie of skrap van registrasie nodig om 'n voorlopige belastingpligtige te wees nie. Indien 'n belastingpligtige aanspreeklik is vir voorlopige belasting, hoef hy/sy eenvoudig 'n IRP6-opgawe te versoek en deur eFiling in te dien.

## Watter stappe moet ek neem om uit te werk watter bedrae verskuldig is?

Die bedrag voorlopige belasting betaalbaar word uitgewerk volgens die geskatte belasbare inkomste vir daardie bepaalde jaar van aanslag, soos volg:

- Die eerste tydperk:
    - Die helfte van die totale geskatte belasting vir die volle jaar;
    - Minus die werknemersbelasting vir hierdie tydperk (6 maande);
    - Minus enige toelaatbare buitelandse belastingkrediete vir hierdie tydperk (6 maande);
- Die tweede tydperk:
    - Die totale geskatte belasting vir die volle jaar;
    - Minus die werknemersbelasting betaal vir die volle jaar;
    - Minus enige toelaatbare buitelandse belastingkrediete vir die volle jaar;
    - Minus die bedrag betaal vir die eerste voorlopige tydperk.
- Die derde tydperk (vrywillig):
    - Die geskatte totale betaalbare belasting vir die volle jaar;
    - Minus die werknemersbelasting betaal vir die volle jaar;
    - Minus enige toelaatbare buitelandse belastingkrediete vir die volle jaar;
    - Minus die bedrag betaal vir die 1ste en 2de voorlopige belastingtydperke.

Vir meer inligting oor hoe om die betaalbare bedrae uit te werk, klik hier.

## Hoe moet dit betaal word?

SARS het veranderinge aan die voorlopige belasting in werking gestel wat die wyse waarop voorlopige belastingpligtiges hul IRP6-opgawes indien, beïnvloed. Met meeste voorlopige belastingpligtiges wat hul opgawes elektronies indien, sal SARS nie meer IRP6-opgawes per pos aan voorlopige belastingpligtiges stuur nie en dit kan ook nie meer vanaf die SARS-webstuiste afgelaai word nie. Jy moet van nou af jou IRP6 op een van die volgende wyses bekom:

- Registreer vir SARS eFiling. Die eFiling-stelsel stel jou in staat om jou IRP6-opgawe aan te vra en dit aanlyn in te dien en te betaal, en verseker vinnige omkeertye vir aanslag en terugbetalings. Jy kan eenmalig vir al die verskeie belastingsoorte registreer met die gebruik van die kliënte inligtingstelsel.
- Indien jy reeds 'n eFiler is, voeg eenvoudig voorlopige belasting by jou profiel, sodat jy aanlyn toegang tot jou IRP6-opgawe kan hê en indien.
- Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 SARS (7277) om te vra vir 'n IRP6-opgawe of vind meer uit oor die voorlopige belastingproses.
- Besoek die SARS-tak naaste aan jou waar ons personeel jou sal help om jou IRP6 te voltooi en elektronies in te stuur.

## Wanneer moet dit betaal word?

- Die eerste voorlopige belastingbetaling moet binne ses maande van die begin van die jaar van aanslag vir 31 Augustus gemaak word of ses maande na die goedgekeurde finansiële jaareindedatum.
- Die tweede betaling moenie later as die laaste werksdag van die jaar van aanslag, wat eindig op 28/29 Februarie, gemaak word nie.
  - Indien die voorlopige belastingpligtige nie 'n voorlopige belastingopgawe indien binne vier maande na die laaste dag van die jaar van aanslag nie, sal die voorlopige belastingpligtige geag word dat hy/sy 'n geskatte bedrag van nul-belasbare inkomste ingedien het.
  - binne vier maande van die jaar van aanslag, waar die jaar van aanslag in Februarie eindig.
- Die derde betaling is vrywillig en kan as volg gemaak word:
  - binne ses maande van die jaar van aanslag, in enige ander geval.

**Top wenk:** Onthou dat, deur jou opgawe betyds in te dien, jy dit moeite-vry en kommervry doen. Laat opgawes kan veroorsaak dat jy boetes en rente opgehef word.